

Vryspreek

Vryspreek

Die woord “vry” word willekeurig in die Afrikaanse taal gebruik waarvan dit baie byvoeg-woorde kry. Ek lig ’n paar punte uit en gaan dan oor na die Skrifte oor die woord.: Vry is nie ’n slaaf nie, Vry is nie gevange of gebonde nie, Vry is ongehinderd, Vry is los en nie verbonde nie, Vry is onafhanklik, Vry is sonder dwang, Vry is nie beset, Vry is oop sonder beperkinge, ens.

Om “vry” te spreek is om iemand onskuldig te verklaar. Die vrygespreekte is nou vrygestel om sy vryheid aan te kleef. Vrywording beteken ook dat die vrygespreekte ’n loslating ontvang het.

Kom ons gaan ’n paar Skrif verse deur:

Jes. 47:11 Daarom oorval ’n ~~o~~neil boosheid (evil Strong’s H7451) jou wat jy nie sal weet om te besweer nie; en ’n ~~o~~neil boosheid val op jou wat jy nie kan ~~ver~~soen bedek (cover Strong’s H3722) nie, en skielik oorval jou ’n verwoesting sonder dat jy dit weet.

Om boosheid te laat manifesteer is wanneer jy of ’n volgende persoon woorde uitspreek {weet of onwetend} wat teen hom of jou en jou mense kan wees; Weet of onwetend begin siekte, hartseer, swaarkry, dood van ’n familie lid of vriend, finansiële verknorsing, ens. Met die gebeurtenisse wat besig is om rondom jou te manifesteer weet jy nie wie dit aan jou doen of hoekom dit gebeur nie.

Wat staan jou nou te doen om ’n besweer se woorde te breek? Hoe breek jy die spel van die een wat dit oor jou uitgeroep het? Hoe smee jy vergifnis by die besweerder as jy nie weet wie hy is nie? Hoe ban jy die gebeure as dit alreeds gedane sake is? Hoe kan jy onder ’n eed verklaar aan iets of iemand wat onbewustelik daarvan is?

Ps. 19:14 Hou U kneg ook terug van moedswillige ~~sondes~~ oortredinge; laat dit nie oor my heers nie. Dan sal ek onbestrafliek wees en vry van groot oortreding.

Let op dat ‘oortredinge’ oor jou kan heers. Jy spreek woorde uit wat net ’n “grappie” is, maar tog bind en verbind jy daardeur. Ander lag dalk saam met jou, maar min wetend manifesteer jou woorde oor daardie persoon. Plaas ’n wag voor die mond sodat die tong jou nie in die helse vuur laat beland nie.

Jes. 31:5 Soos voëls wat fladder, so sal die ~~HERE~~ VADER van die leërskare Jerusalem beskut, beskut en red, verskoon en bevry.

Hier spreek VADER ’n bevryding uit; HY sal ‘beskut’, ‘red’, verskoon en ‘bevry’.

Jer. 15:11 Die ~~HERE~~ VADER het gesê: Waarlik, Ek bevry jou ten goede; waarlik, Ek maak dat die vyand jou ootmoedig smee in tyd van ~~on~~heil onrein en in tyd van benoudheid.

Weereens leersame bevrydende woorde wat in ons woordeskat moet inkom.

Ps. 19:13 Die ~~afdwalinge~~ foute (errors Strong's 7691) —wie bemerk hulle? Spreek my vry van die wat verborge is.

Soos ek bo uitgewys het dat verborge uitsprake bestaan en dat dit werklik manifesteer; Daarom moet ons dit vryspreek wat uit ons mond of gedagtes gaan 'veral as dit jou naaste is'. Indien dit kom van 'n onbekende moet jy vra dat VADER jou sal vryspreek.

Luk 4:18 Die Gees van die ~~Here~~ VADER is op My, omdat HY My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. HY het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees;:19 om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die ~~Here~~ VADER aan te kondig.

Om genesing te kan ontvang (of deur te gee) is om "vry" gesprek te kan word! Hier sê YAHUSHA duidelik "om aan gevangenes vrylating te verkondig" Nie diene en moordenaars in tronke nie, maar mense wat vasgevang is in dogma, spelle en instansies. Die wat vasgevang is in bindinge wat die een op die ander uitgespreek het. YAHUSHA het hulle vry kom maak dat hulle weer kon sien en hoor. Die aangename jaar weet ons dat dit die Sabbatsjaar (1000 jaar van vrede) is van VADER.

Jer. 34:17 Daarom, so sê die ~~HERE~~ VADER: Julle het na My nie geluister om 'n vrylating uit te roep elkeen vir sy broer en vir sy naaste nie; kyk, Ek roep 'n vrylating uit, spreek die ~~HERE~~ VADER, om julle oor te gee aan die swaard, die pes en die hongersnood, en Ek sal julle 'n skrikbeeld maak vir al die koninkryke van die aarde.

Duidelik lees ons die opdrag van vryheid. Ons as mens val daagliks vir die versoeking om onself en andere in gevangenis te plaas (*Ha satan verbly hom daarin om met die te werk wat verwerp word deur VADER*). Wat ook in die gelese vers uitstaan is dat VADER met die uitverkore volk werk, want HY praat met SY volk "EK sal julle" en dan van die andere "al die koninkryke".

Wat wel skrikwekkend is die woorde: "Ek roep 'n vrylating uit" Dit beteken dat die oortreders weggejaag word van VADER! VADER gee dus 'n opdrag dat SY boodskapper die oortreders van SY aangesig moet verwyder. Om weg te gaan van VADER sal die swaard, die pes en die hongersnood oor jou heers.

Jak. 2:12 Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word.

Hier staan: Julle wat julleself wil vryspreek deur die wet wat tot-niet is sal wel deur die wet geoordeel word. Ook sê die vers vir ons dat ons nie na Moses se wetboek moet gaan om vryheid te bewerkstellig nie, maar in teendeel doen wat wel daaruit voorkom nl.: “doen” en “gaan”. Spreek jou naaste vry of vra hom vergifnis sodat hy jou vry kan spreek.

Ha satan gebruik al die soort van goed om die uitverkore toe te eien vir homself. Alle oortreders is onder Ha satans mag wat nie vryspreek nie.

Joh. 8:32 En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.

Joh. 8:36 As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.

Hoor julle die boodskap? Ken die waarheid, ken die wet, ken die weg. In *Joh. 3:21* staan: *Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in Gød VADER gedoen is. Joh. 18:37 ... Ek (het) in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na My stem.* Mense die wat die traktaat lees is besig met “waarheid” dus besig met dié Lig. Daarom “doen” die waarheid!

Matt. 5:23 As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, :24 laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe.

Gaan dus en spreek jou broer vry of andersom. Jy kan nie voor VADER verskyn as jy nie reggemaak het met jou broer nie.

Ek sluit met: *Luk 6:37. En julle moet nie oordeel nie, dan sal julle nooit geoordeel word nie. Julle moet nie veroordeel nie, dan sal julle nooit veroordeel word nie. Spreek vry, en julle sal vrygespreek word.*

Hierdie vers is ‘n samevatting oor die opdrag wat ons veronderstel is om te doen. Moenie oordeel of veroordeel nie ‘indien jy wel oortree het’ gaan en spreek die persoon vry (*Matt. 18:21 Toe kom Petrus na Hom en sê: Here Meester, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig oortree en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe? :22 J^{esus} YAHUSHA antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe).*

Mense skinder maklik van mekaar en sê mekaar sleg veral by andere. YAHUSHA as voorbeeld het aan Sy dissipels gevra wat die mense van Hom “skinder” in *Matt.16:13-17*.

Om terug na vryspreek te gaan moet ons weet, ‘om vry te spreek’ beteken dat vergewing plaasvind. Met die vergewe / vergifnis is dit 100% teen Ha satan se heerskappy. Ha satan wil niks weet van die 10 Wette of Gebooie nie en daarom wend hy alle pogings aan om dit te oortree.

Wat onthou moet word is dat vergifnis daar is vir die uitverkore, en nie vir ander volke nie, want ons lees dit in *Deut. 23:6: Jy mag hulle vrede en hulle geluk solank as jy lewe, vir ewig nie soek nie.* YAHUSHA sê in *Joh. 17:9 Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort.*

Wat baie belangrik is oor vergewing / vryspreek is 'n opdrag wat verstaan moet word.

1) As iemand na jou kom om vergewing te vra vir 'n daad wat hy oor jou of jou mense gepleeg het moet jy hom vergewe. Indien jy hom nie vergewe nie sal jy voor die Regterstoel verskyn om antwoorde te gee waarom jy dit nie gedoen het wat die Skrif vir jou voorgestel.

2) Nou daardie persoon wat vergifnis by jou gepleit het, kan nou na VADER gaan sodat hy "vry" gespreek kan word. Dus het sy oortreding oorgeskuif na jou wat hom nie wou vergewe nie.

3) As iemand teenoor jou oortree het en jou nie vergifnis smee nie, mag jy hom nie vergewe nie, want selfs YAHUSHA het dit nie gedoen nie en wat gee jou die reg? In *Matt.9:2, 5* staan duidelik "*jou oortreding is jou vergewe*" YAHUSHA het die outoriteit en reg by VADER ontvang om "namens" VADER te vergewe. Hyself vergewe nie, maar deur Hom is jou oortreding vergewe van VADER. M.a.w. as jy jou seun as hoof oor jou besigheid aanstel en hom volle reg gee dat hy sy eie oordeel kan vel oor die welstand van die besigheid verwag jy as pa dat jou seun reg oordeel asof dit jou woorde sal wees.

Leer gerus hierdie verse:

Jak.1:25 Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen.

Hoor julle die boodskap? Dus vergeef en vergewe jou naaste sodat jy vry kan staan voor VADER (Onthou die vryspreek en vergewing gaan slegs oor jou mede biologiese broer *Mal.2:15*)

Joh. 8:36 As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.

Bedink dit